Waarom weer die historiese Jesus?

Francois Wessels, *CPRC met opdrag: sending onder die Jode kyk waarom die debat rondom die historiese Jesus weer opvlam in teologiese- en ander kringe.*

Waarom is die "historiese Jesus" in die nuus? Waarom is dit weer 'n belangrike kwessie in Nuwe-Testamentiese navorsing – na hoog aangeskrewe geleerdes soos Bultmann alreeds in die 1920s verklaar het dat die historiese Jesus-navorsing ons min in die sak gaan bring? Daar is twee hoofredes voor:

1. *'n Herwaardering van buite-Bybelse dokumente.*

Daarmee bedoel ek nie ou dokumente wat pas ontdek is of geheime dokumente wat pas bekend gemaak is nadat die Katolieke Kerk dit vir eeue in die Vatikaan weggesteek het nie. Die twee vernaamste bronne wat hier ter sprake is, is die Evangelie van Tomas – vir eeue lank bekend deur die kerkvaders se Griekse aanhalings in hulle stryd teen die gnostiek, maar sedert die ontdekking van 'n Koptiese vertaling daarvan in 1945 by Nag Hammadi, as die volledige Evangelie van Tomas bekend – en die sogenaamde Q-bron, 'n hipotetiese bron bestaande uit uitsprake van Jesus, wat deur Matteus en Lukas gebruik is toe hulle hulle evangelies geskryf het.

Waarom het dié twee bronne, nadat een vir minstens dertig jaar en die ander vir minstens honderd jaar aan Nuwe Testamentici bekend was, skielik van 1980 af weer so relevant geraak?

Nie oor hulle inhoud nie, maar oor hulle vorm. Die inhoud van Q vertel ons niks nuuts oor Jesus nie. Alles wat in Q staan, kan 'n mens in die Bybel lees. Q is 'n hipotetiese bron, saamgestel uit die uitsprake van Jesus wat in beide Lukas en Matteus voorkom, maar nie in Markus nie. In Tomas is daar wel gnostiese uitsprake wat radikaal anders is as Jesus se Bybelse uitsprake, maar meeste geleerdes stem saam: dit is nie egte Jesus-woorde nie, maar uitsprake wat in die tweede eeu by die oorspronklike Tomas-evangelie gevoeg is. Dit wat in die oorspronklike Tomas-evangelie staan, toon groot ooreenkomste met dit wat ons in die Bybelse evangelies lees. Wat is dan so besonders aan dié twee bronne?

Wat belangrik is, is nie wat hulle sê nie, maar wat hulle uitlaat.

Beide Tomas en Q het geen verhaal nie, maar is net 'n lys van uitsprake en

gesegdes van Jesus. Vir baie jare was dié feit nie van enige belang geag nie. Dit was net twee lyste met Jesus se uitsprake, versamel deur sommige van sy volgelinge, het geleerdes aangeneem. Vanaf die 1980s het sommige geleerdes egter begin argumenteer dat dié samestelling nie toevallig was nie, maar met opset. Die argument is verder gevoer: Vir sommige van die vroegste volgelinge was die kern van hulle geloof nie wat met Jesus gebeur het nie - sy vleeswording, sy lewe, sy lyding, sterwe en opstanding - maar dit wat Jesus gesê het. Dit was hierdie Jesus-volgelinge wat Tomas en Q geproduseer het. Die feit dat in dié twee bronne nie na Jesus se wonders, kruisiging en opstanding verwys word nie, is nie toevallig nie. Dit was vir hierdie vroegste Jesus-volgelinge nie belangrik nie, omdat dit nie regtig gebeur het nie - so word meestal oor die opstanding in dié kringe gedink. Of dit word toegegee dat dit wel gebeur het – byvoorbeeld Jesus se kruisdood – maar die gevolgtrekking word gemaak dat Jesus se dood vir sy vroegste volgelinge nie enige besondere betekenis gehad het nie. Daarom (volgens dié teorie) word daar in dit wat diegene as die vroegste rekords oor Jesus beskou - dit wil sê Q en Tomas – geen melding van Jesus se dood gemaak nie.

Tomas en Q is belangrik – so word geredeneer – omdat hulle vorm vir ons wys wat die vroegste evangelie, die blye boodskap, oor Jesus was: nie 'n verhaal van sy lewe, kruisiging en opstanding nie, maar 'n konsentrasie van dit wat Jesus geleer het.

2. *'n Nuwe paradigma vir die historiese konstruksie van Jesus.*

In die 1950s en 1960s was daar 'n kortstondige oplewing in die navorsing na die historiese Jesus, die sogenaamde "Second Quest". Dit het egter doodgeloop. Een van die redes hiervoor was dat geleerdes oor min woorde van Jesus kon saamstem dat Jesus dit regtig so gesê het. Die paradigma waarbinne die historiese Jesus-navorsing verloop het, was die aanname dat die woorde van Jesus die sleutel tot die rekonstruksie van die historiese Jesus sou verskaf. As geleerdes net konsensus kon bereik dat 'n beduidende aantal uitsprake vir seker die woorde van die historiese Jesus was, sou 'n konsensus oor die historiese Jesus bereik kon word.

Dit het nie gebeur nie, en die "Second Quest" het doodgeloop.

Die nuwe poging om die historiese Jesus te rekonstrueer werk met 'n ander paradigma. Die fokus is nie uitsluitlik op die woorde van Jesus nie, maar op die hele konteks waarbinne Jesus opgetree het – en veral op die interaksie tussen Jesus en sy volgelinge. "Het Jesus dit regtig gesê?" is nie meer die enigste of selfs belangrikste vraag nie. In die nuwe paradigma word ander vrae gestel, byvoorbeeld: Watter soort leier was Jesus? Hoe het sy volgelinge Hom gesien – 'n profeet? 'n rabbi? 'n politieke hervormer?, 'n wysgeer? Daarom dat skrywers wat die afgelope dekade boeke oor die historiese Jesus geskryf het, Jesus elke keer in 'n sekere sosiale rol plaas: Jesus die Siniese wysgeer (Dominic Crossan), Jesus die Joodse rabbi (Geza Vermes), Jesus die profeet van Joodse hervorming (E.P. Sanders), Jesus die plaaslike radikale politieke leier (Richard Horsley) ensovoorts. Vir die nuwe paradigma is 'n konsensus oor watter die egte Jesus-woorde is, nie meer die enigste weg waardeur 'n historiese rekonstruksie van Jesus gemaak kan word nie. Net so belangrik as sy woorde is 'n verstaan van watter soort leier Jesus was, in watter sosiale omstandighede Hy opgetree het en watter soort leiding Hy in dié spesifieke omstandighede gegee het.

Toe dié vrae binne die nuwe paradigma gevra is, het dit geblyk dat hoewel daar oor Jesus self nie baie opspraakwekkende feite na vore gekom het nie,

daar oor die sosiale, politieke en ekonomiese konteks waarbinne Jesus opgetree het, in die laaste drie dekades besonder interessante nuwe feite en kennis verwerf is. Dit het alles het sedert ongeveer 1980 die hoop laat opvlam dat 'n duideliker beeld van die historiese Jesus geskilder kan word

Wat behoort ons respons hierop te wees?

Onder diegene wat waarsku dat nie te veel van die historiese Jesus-navorsing verwag moet word nie, word gewoonlik twee punte van kritiek genoem:

Eerstens word beklemtoon dat geloof nie op 'n positiwistiese verifiëring van objektiewe feite gegrond kan word nie. Geloof is ons reaksie op God se openbaring, word gesê. Daarom dat proff Hermie van Zyl (UOVS), Pieter de Villiers (emeritus, Rhodes), Fika van Rensburg (PU) en Jan van der Watt (UP) in 'n onlangse verklaring die navorsing van die Jesus Seminaar gekritiseer het "omdat dit impliseer dat die vasstelling. . . van sekere historiese feite geloofsekerheid kan bied."

Tweedens word beklemtoon dat die waarheid van die evangelies nie soseer in die feite lê nie, maar in hoe dié feite vertel word. Nie in die historiese feite oor Jesus nie, maar in die evangelies se vertelling oor Jesus vind ons die waarheid. Dr Willem Nicol verwoord dié siening in 'n onlangse artikel in *Die Burger* as hy skryf: "Waar was God werksaam? Nie net in die gebeure nie, maar tegelykertyd in die impak van die gebeure op die mense en in die wyse waarop hulle dit vertel het."

Met dié twee besware moet 'n mens saamstem. Maar dan moet jy in dieselfde asem byvoeg dat 'n mens nie met dié twee legitieme punte van kritiek kan volstaan nie. Alhoewel albei waar is, mag 'n mens nie daaruit die verkeerde gevolgtrekking maak dat die historisiteit van Jesus nie belangrik is nie. Vir die Christen-gelowige is dit wel van kardinale belang – omdat die Bybelse geloof 'n geloof is in 'n God wat Hom in die geskiedenis geopenbaar het – in die roeping van Abraham, in die uittog, die intog, die ballingskap, die terugkeer, die koms van die Messias, sy lewe, sy lyding, sy kruisiging en opstanding. Ons geloof is nie 'n logiese konklusie nadat ons vasgestel het dat al die gebeure histories waar is nie. Soms blyk uit die vertelling self dat dit nie 'n historiese verhaal is nie, byvoorbeeld die slang se gesprek met Eva. Maar aan die ander kant glo ons wel in 'n God wat Homself in die geskiedenis openbaar. Dit sou net nie eerlik wees om steeds in so 'n God te glo as al Israel se ervaringe blyk verdigsel te wees nie.

Vir dieselfde rede sou dit, na my mening, nie eerlik wees om in die openbaring van God in Jesus te glo, as dit sou blyk dat sy woorde, dade, lewe, lyding, sterwe en opstanding slegs 'n verhaal was nie.

Dit sou 'n inspirerende verhaal wees – maar nie die evangelie nie.